

Die Here vernietig alle magte om ons sy dienaars te laat wees.

Ds. PJ Kriel

23.02.2022

Inhoud Hierdie preek wys dat die Here Jesus die lewende God is aan wie alle oorlog, botsings en konflik behoort. Hy beskik en bestuur dit alles om vir sy kerk die rus en veiligheid binne al die magte van hierdie wêreld te gee om Hom te aanbid. Die lewende God het een klip wat Dawid gegooi het in die geloof in die Here, gebruik om die Filistyne weermag te breek. In ons geloof in die lewende Here Jesus Christus sien ons die botsing van magte in die wêreld as dié van goddeloses teen die lewende God en sy kerk. Ons staar onself nie blind teen die magte van die wêreld wat ons sien nie. Die Here oefen ons van kleinsaf in die vertroue dat ons Hom kan dien omdat Hy ons red uit die magte van hierdie wêreld.

Skriflesing 1 Samuel 17

Teks 1 Samuel 17: 47: “Ja, die oorlog behoort aan die Here, en Hy sal julle in ons hand gee.”

Tema Die Here vernietig alle magte om ons sy dienaars te laat wees.

1. In 1 Samuel 17 kry ons die beskrywing van die weermagte van die Filistyne en die Israeliete wat teenoor mekaar in die Elah vallei stelling ingeneem het. Die gevegsterrein word hier so goed beskryf dat die slagveld vandag nog uitgewys word. Die vallei is 24 kilometer wes van Bethlehem. Die slagveld is vandag nog 'n toerisme aantreklikheid in Israel en u kan al die inligting daarvoor op die internet Google. Die twee weermagte het hulle self op twee verskillende koppies aan weerskante van die vallei, met die vallei-vlakte tussen hulle, ingegrawe.

Die Filistyne het 'n staande weermag gehad van professionele soldate wat deur die vyf Filistynse stadstate toegerus en onderhoud is. Die Israeliete het ook 'n staande weermageenheid gehad, maar dit was 'n burgermag. Dit is 'n verskil soos tussen die Engelse en Boeremagte tydens die Anglo-Boere oorlog. Die Engelse soldate was deur die Britse Ryk toegerus met alles terwyl die Boere hul eie wapens, perde en kos moes voorsien het. Daarom moes Dawid vir sy broers en hulle bevelvoerder kos gevat het.

Dawid was nie 'n soldaat nie. Hy was 'n tienerseun wat 'n skaapwagter op die familieplaas was. Hy moes net kos vir sy broers gevat het en nuus oor sy broers van die front vir sy pa gebring het.

2. Die Filistyne was ook die “seemense” genoem gewees. Hulle het Suid Europa, uit die Griekse kultuurgemeenskap gekom en was seevaarders. Met hulle vlote het hulle net soos die Vikings in die Middeleeue Europa binne geval het, Egipte en Palestina ingeval, vir hulle vestingstede opgerig en die gebied geplunder en dan met die inwoners handelgedryf. Hulle was 'n handelsryk net soos die Duitse Hansa-stede in die sestiende eeu en die Hollands-Oos Indiese Kompanjie in die sewentiende was en Kaapstad as handelpost gevestig het.

Deel van hul handelsmag was die tegnologie om yster en veral brons te kon gemaak het. Dit was die nuutste tegnologie van die dag net soos rekenartegnologie van vandag. Israel moes alle yster en brons instrumente soos ploë, byle en swaarde by

Die Here vernietig alle magte om ons sy dienaars te laat wees.

hulle koop omdat die Filistyne die maak daarvan in Israel verbied het. Só het hulle die monopolie op die bedryf gehad.

Skou-vegters was ook deel van die Griekse kultuur. In plaas daarvan dat duisende jongmans dood gemaak word sou elke kant 'n baasvegter gee wat 'n skou-geveg sou gehou het. Wie se baasvegter sou wen het dan die oorlog gewen. Dit was 'n militêre ooreenkoms. Dit is wat Goliat dan doen: hy daag Israel uit om hul baasvegter teen hom te stuur. Hierdie militêre ooreenkoms was heeltemal vreemd aan die Semitiese en Oosterse volke soos Israel.

Goliat was gepantser met die mees gevorderde wapentegnologie van daardie tyd. Sy wapenrusting het die Filistyne se militêre mag vertoon: alles van brons behalwe die spiespunt. Hierdie wapentoerusting was 'n vertoon van hul handelsmag, die mag van hul vlote, die mag van hul versterkte stede en ook hul politieke mag.

3. Goliat en die Filistyne sien die oorlog tussen hulle en die Israeliete as 'n oorlog tussen twee soorte politieke bedelings, in ons taal, demokrasie teen despote, absolute vorste, wat ons vandag tiranne noem. Daarom koggel Goliat vir die Israeliete: "Is ek nie 'n Filistyn en julle Saul se slawe nie?" Samuel het al vir die Israeliete gewaarsku dat die koning wat hulle graag wou hê, 'n absolute vors sal wees wat van hulle sy slawe sal maak in 1 Sam. 8: 16: "Julle sal sy slawe wees. Julle sal op daardie dag om hulp roep oor julle koning wat julle verkies het, maar die Here sal julle op daardie dag nie verhoor nie."

Die Filistyne was vryburgers wat in 'n soort demokrasie vir 'n handelsryk geveg het. Hulle die Israeliete gesien as onderdrukte slawe van 'n despoot. Daarom nooit Goliat eintlik die Israeliete uit om onder hulle demokrasie, ondergeskiktes te word eerder as om die ondergeskiktes van 'n despotiese koning te bly.

Omdat Saul en sy weermag hierdie botsing ook gesien het as die botsing tussen twee politiek magte, 'n groot politieke mag, die Filistyne, en hulle as 'n klein politieke mag, die Israeliete, is hulle oorweldig deur die militêre vertoon van die Filistyne en vreesbevange.

Dawid stap as skaapwagter wat kos bring en nuus kom kry oor sy broers vir sy pa, binne in hierdie konflik in. Dit is Dawid se werk en opdrag. Dit is wat hy hier kom doen het! Net dit! Niks anders nie!

4. Wat gryp Dawid aan in hierdie konfrontasie waarop hy inloop?

Dawid stel sy verontwaardiging só: "Want wie is hierdie onbesnede Filistyn nogal dat hy 'n bespotting maak van die gevegslinies van die lewende God?" (v. 27) Die beskrywing "onbesnede" beteken 'n goddelose mens buite God se verbondsliefde wat afgode aanbid. Dit is wat Dawid so diep ontstel: dat 'n goddelose afgodsdienaar van die lewende God se dienaars 'n bespotting maak en daarom die lewende God self bespot.

Dawid is ontsteld dat van die lewende God 'n bespotting gemaak word deur die heerlijkheid van dooie afgode. Mense met dooie afgode bespot hulle wat dienaars van die lewende God is!

Die Here vernietig alle magte om ons sy dienaars te laat wees.

Ons mag nie 'n wanbeeld skep van Dawid se verontwaardiging nie. Dawid wil nie die eer van God red nie! Dawid wil ook nie veg om die eer van God te herstel nie. Dawid glo in die Here as die lewende God wat self sal optree volgens die eer van sy Naam. Om God se eer te wil red en te wil herstel, maak van God ook net 'n nog dooie god wat nie Homself nie kan verheerlik nie.

Daarom verklaar Dawid dat dit nie Hy is wat God se eer moet red nie, maar dat die Here die lewende God is wat hom nog altyd uit alle gevare gered het met hierdie belydenis: "Die Here wat my gered het uit die klou van 'n leeu en die klou van 'n beer, dit is Hy wat my sal red uit die hand van hierdie Filistyn." (v. 37) Die lewende God red sy dienaars uit die magsgreep van goddeloses!

Met hierdie geloofsekerheid oor die lewende God teenoor dooie afgode, is Dawid gemotiveer om te doen wat elke soldaat moes gedoen het: teen Goliath te gaan veg.

5. Dawid word gemotiveer deur sy geloof in die lewende God: God wat Homself verheerlik en God wat sy dienaars red uit gevaar. Deur en uit hierdie geloof is hy ontsteld oor die bespotting wat van die lewende God gemaak word asof Hy net nog 'n dooie God is wat niks self kan doen nie.

Wat hom nie motiveer nie is Saul se beloofde beloning vir 'n skou-vegter! Saul het nie soldate gesoek wat uit en deur hulle geloof in die Here gemotiveer is nie, maar 'n soldaat wat graag baie ryk wou word, 'n kans wou hê om self koning te kan word en nooit weer enige belasting wou betaal nie: met groot rykdom oorlaai, die koning se dogter en die hele familie vrygestel van verpligtinge in Israel. (v 25, 27)

Dawid se oudste broer, Eliab, beskuldig Dawid dat hy teen Goliath wil veg omdat hy gemotiveer is deur verwaandheid en boosheid. (v. 28) U moet onthou dat Eliab teenwoordig was toe Samuel Dawid in die geheim in Saul se plek as koning gesalf het. Die Here het Eliab as eersgeborene oorgeslaan al wou Samuel hom gesalf het en die Here het Dawid teenoor Eliab aangewys met die woorde: "Die mens kyk na wat hy sien, maar die Here kyk na die hart." (1 Sam. 16:7) Eliab kyk na wat hy sien: Dawid is 'n klein skaapwagtertjie van 'n klein troppie skape wat hom tussen soldate as koning wil kom bewys – verwaand en boos! Hy sien nie die gelowige hart van sy kleinboet nie.

Saul kyk ook na wat hy sien: 'n naïewe onervare tienerseun met 'n misplaaste geloof in God: "Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is nog maar 'n seun, en hy is krygsman van sy jeug af." (v. 33) In die Griekse kultuur was opleiding as soldaat net soos ons bulletjie-rugby. Van vyf jaar oud is seuns as soldate ingeoefen. Dawid as tiener was van kleinsaf 'n skaapwagter. Saul probeer Dawid ondersteun deur sy wapentuig vir hom te gee, maar dit pas nie en Dawid is nie gewoond daaraan nie.

Goliath kyk ook na wat hy sien. Hy sien 'n mooi tienerseun wat hom as gepantserde baasvegter met klippe wil gooi soos 'n hond. Daarom minag hy Dawid en vervloek Dawid by sy dooie afgode. Hy sien ook nie sy hartlike vertrouwe in die lewende God nie.

Die Here vernietig alle magte om ons sy dienaars te laat wees.

6. Ons mag nooit van Dawid hierdie weerlose geweldlose ghoeroe maak wat die wêreld met vredeliewendheid of passiewe verset oorwin soos Mahatma Gandhi die Britse Ryk oorwin het nie.

Dawid is geoefen in die kuns om sy skape met dit wat hy het, 'n slingervel te beskerm. Die Israeliete het die slingervel as 'n dodelike wapenkuns ontwikkel. Met hierdie geweld het Dawid al selfs 'n leeu en 'n beer dood gemaak om sy skape te beskerm.

Waarin het hierdie beskerming van sy skape Dawid geoefen? Nie om 'n soldaat te wees nie, maar om die Here vir sy redding te vertrou. Dawid is geoefen in die geloofsvertroue dat die Here hom altyd sal beskerm deur al die gevare van rowers, leeus en bere om 'n sorgsame herder vir sy skape te wees.

Meer nog, hy is geoefen in die geloofsvertroue dat die uitkoms van magskonflikte soos met leeus en bere, nie deur krag bepaal word nie, maar deur die beskikking van die lewende God. Daarom kan hy uit hierdie geloofservarings teenoor Goliat bely: Jy kom na my 'n swaard, 'n vegspies en 'n kromswaard, maar ek kom na jou in die Naam van die Here, Heerser oor alle magte," (v. 45) ... "Dan sal die hele strydmag moet erken dat dit nie deur die swaard en vegspies is wat God verlos nie, Ja die oorlog behoort aan die Here, en Hy sal julle in ons hand gee." (v. 42)

7. De Filistyne en die Israeliete het gekyk na wat hulle gesien het: die militêre krag en mag van hulle eie weermagte! Hulle het gekyk na wat hulle gesien het: die botsing tussen twee verskillende rasse, twee verskillende kulture en twee politieke stelsels, demokrasie teenoor absolute vorste! Wat hulle na gekyk het het hulle met oormoed of vrees vervul! Hulle het gesien wie die magtigste is, heers en maak ander slawe en wie die swakste is word oorheers en moet slawe wees.

Dawid het met sy hart iets anders gesien: die botsing van die lewende God met die afgode van hierdie wêreld! Hy het die botsing gesien tussen die Here se volk, sy kerk, en die goddelose wêreldgemeenskap. Dawid het in sy hart gesien dat die lewende God sy kerk regeer, beskerm en bewaar en dat hulle nooit slawe van afgode en goddeloosheid kan wees nie. Hulle is altyd God se dienaars, niemand se slawe nie.

Wat Dawid as 'n skaapwagter in hierdie konfrontasie in sy hart gesien het, het hy self verwoord met hierdie woorde:

"Die Here is my Herder; ek lei nie gebrek nie. In groen weivelde laat hy my rus; na water waar daar rusplek is, lei hy my heen. Hy gee my nuwe lewenskrag; Hy lei my op die regte paaie ter wille van sy Naam. Selfs as ek in die donkerste kloof ingaan is ek nie bang vir gevaar nie, want U is by my; dit is U staf en stok wat my gerusstel. U dek vir my 'n tafel voor die oë van my teenstander. U verfris my kop met olie; my beker loop oor. Net goedheid en troue liefde sal my volg al die dae van my lewe, en ek sal terugkeer na die huis van die Here tot in lengte van dae." (Ps. 23)

God sal uitkoms gee met sy stok en staf uit die magtigheid van die goddelose en daarom kan ek maar met my slingervel doen wat ek moet vir die Here! God is die lewende God wat Homself as herder van sy dienaars verheerlik!

Die Here vernietig alle magte om ons sy dienaars te laat wees.

Dawid se vertroue in God wat die uitkoms van die magsbotsing tussen sy kerk en die wêreld beskik, word vervul deurdat Dawid Goliath met sy eie vreesaanjaende wapens dood maak. Dawid het Goliath nie met sy slingervel nie maar met Goliath se eie swaard doodgemaak! "Dit is nie deur swaard en vegspies wat die Here verlos nie. Ja, die oorlog behoort aan die Here, en Hy sal julle in ons hand gee." (v. 47)

8. Dawid het as jongste seun net gedoen wat sy pa vir hom gesê het: hy het kos vir broers gevat en wou nuus oor sy broers vir sy vat.

Die lewende God het hierdie geleentheid vir iets anders gebruik: om Dawid met ontsteltenis te vervul oor die bespotting van sy Naam en met die vertroue om met 'n slingervel teen 'n baasvegter te veg. God het daardeur wat Hy in Dawid se hart gesien het, vir die hele volk gewys: hier is die sorgsame dienaar vir die kerk van die Here!

Hoe kyk ons na wat met ons besig is om te gebeur in al die konfrontasies waarin ons inloop, kyk ons na wat ons sien of kyk ons na wie die lewende Here Jesus Christus is en hoe Hy Homself verheerlik teenoor die dooie gode van magtiges van hierdie wêreld?

Ons moet nou in hierdie goddelose land volgens die magtiges glo in dooie gode!

Met die mag van wetenskap, tegnologie en die liberale demokrasie spot hulle die lewende Here Jesus Christus as nog net een van die dooie gode van die wêreld. Volgens hulle goddeloosheid is alle gode dieselfde, alle godsdienste gelyk en is alle gode net innerlike spirituele ervarings binne in mense oor God. Jesus Christus is nie die een en enigste lewende Here wie Homself as God verheerlik nie. Jesus is net nog een van die voorvader geeste!

Met hierdie onttering van die Here as nog net nog 'n opgemaakte afgod van hierdie wêreld, moet ons die slawe van 'n liberale godlose demokrasie word. Moet ons ons lewe volgens mense-regte en nie meer volgens die Woord van God inrig nie en moet ons ons berus by die wil van die goddelose gemeenskap as die hoogste gesag.

9. Kyk ons na wat ons sien of kyk ons met 'n hart vervul met geloof in die lewende Here Jesus Christus?

Die banaliteit van hierdie godlose liberale demokrasie is dat hulle ons wil laat glo dat ons moet kyk en sien dat die konflik en stryd in ons land is tussen demokrasie en die absolute tirannie van Afrika-leiers, net soos die stryd en botsing tussen die Griekse Filistyne en die Oosterse Israeliete!

Die oënskynlike stryd en konflik is dat ons moet kies of ons slawe van 'n goddelose demokrasie of goddelose absolute Afrika-heersers moet wees. En die hoogdrawendheid van hierdie liberale godloosheid, is dat dit beter is om slawe van hulle staat as om die slawe van absolute Afrika-leiers te wees.

Meer nog, hulle verwag dat dit ons godsdienstige plig is om ons aan hulle liberale demokratiese handelsryk te moet onderwerp of aan hulle voorvader geeste!

Die Here vernietig alle magte om ons sy dienaars te laat wees.

En dit moet ons doen omdat ons moet kyk na wat ons elke dag sien – die botsing en konflik van verskillende wêreldmagte!

Dawid het totaal iets anders gesien wat hom diep ontstel het en met verontwaardiging vervul het – die minagting en bespotting wat van die lewende Here gemaak word deur hierdie kyk en raaksien van wêreldmagte! Hy het gekyk en gesien dat almal God nog net sien as 'n dooie god. 'n God wat deur die mag van mense of 'n magtige god of 'n onmagtige god gemaak word, volgens die krag en heerlikheid van mense.

10. Dawid het God geken, as die lewende Herder van sy kerk!

Uit hierdie geloof sien Dawid totaal iets anders raak: “Ja, die oorlog behoort aan die Here, en Hy sal julle in ons hand gee.”

U moet hierdie belydenis raaksien – die oorlog behoort aan die Here. Die oorlog behoort nie aan die Filistyne of Israeliete nie. Dit behoort aan Jesus Christus die Here! Hy beskik oor alle konflikte so dat Hy sy kerk sy dienaars en nie die wêreld se slawe laat wees nie. Hy bewerk in die botsing en konflik van alle wêreldmagte vir sy kerk 'n tuiste om Hom in rus te dien.

Daarom kan God met een slingervel van een van sy dienaars 'n hele wêreldmag verpletter.

Aan wie behoort die botsing van magte waarin ons ons elke dag in hierdie land vasloop, aan die Westerse liberale demokrasie of aan die absolute vorste van die wêreld se tirannieë?

Wie se slawe moet ons wees? 'n Godlose Weste of 'n godlose Ooste? Nie een ne! Ons is niemand se slawe nie want ons is dienaars van die lewende Here

Ons moet die wêreld met ons hart begin sien: die konflik behoort aan God wat ons Herder is. Hy sal al hierdie goddelose magte so verniel en vernietig dat ons Hom as die enigste lewende Here kan dien binne sy troue liefde terwyl Hy ons op die regte paaie lei.

11. Wat ontstel ons in al die konflikte en botsings waarin ons ons elke dag in vasloop, soos Dawid?

Die botsing van kulture, rasse, ontwikkeldheid en onderontwikkelheid, beskaafdheid of onbeskaafdheid, politieke instellings soos demokrasieë of tiranne – of die botsing van goddeloosheid en die aanbidding van die lewende God?

Volgens ons eie kerklike leiding en die hele land mag ons nie meer ontstel word oor die ontering van God nie. Inteendeel, ons moet deel word daarvan deur die lewende Here as net ons eie geloof, net ons eie opvatting oor God, net ons eie spirituele belewenis en net ons eie siening oor God te aanvaar terwyl ons elke ander mense sin ook aanvaar.

Die Here vernietig alle magte om ons sy dienaars te laat wees.

Wat verdwyn wanneer ons nie meer ontstel kan word oor die eer van die lewende Here Jesus Christus nie?

Die geloofsekerheid dat die Here met ons slingervel die magte van hierdie wêreld sak verslaan!

Hoekom?

Want ons lewe is nie meer 'n lewe waarin ons onself oefen in die diens en sorg van wat God aan ons toevertrou het en ons Hom ken as die Here wat ons uit alle gevare red nie. Ons is nie meer geoefen om met ons slingervelle ons skaapboerdery teen die leeus en bere van hierdie wêreld te beskerm nie.

Wanneer ons elke dag ons in hierdie lewenswyse inoefen, sal ons ook ons slingervelle opneem in diens van God teen die wêreldmagte wanneer ons in konflik inloop! En dan sal ons ook die goddeloses verslaan met die wapens waarmee hulle God mee bespotlik maak, die wetenskap, tegnologie, die ekonomie en politieke mag. Ons sal optree soos Paulus in 2 Kor. 10: verklaar: "Ons neem elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Christus."

Dan sal ons nie meer ons oorgee aan enige wêreldkrag of -mag nie omdat ons glo ons god is soos hulle met God die spot dryf, net nog een van die dooie gode van hierdie wêreld.

12. Kom ons neem ons lewe op in diens van die Here en sorg en beskerm wat Hy aan ons toevertrou het, met al die eenvoudige middele tot ons beskikking!

Kom ons neem ons slingervelle op in die geloof dat Hy die Herder met die staf en die stok is!

Kom ons word vervul met die verontwaardiging wat pas by die ontering van God deur goddelose en kom ons breek uit die gelatenheid waarin ons lewende Here net nog net 'n dooie god is.

Kom ons verwerp die valse keuse oor watter tipe wêreldmag se slawe ons moet wees en dien die lewende Here in vryheid!

Hy is ons lewende Herder!